



Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

9043

9043

Thursday, 20 March 2025

Donderdag, 20 Maart 2025

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

No.	Page
Tenders:	
Notices.....	146
Local Authorities	
Beaufort West Municipality: Proposed Long-Term Lease Area on the Farm Rhenosterkop and Consent Use for Renewable Energy Facilities	147
Breede Valley Municipality: Consent Use, Permanent Departures and Removal of Title Conditions	151
Breede Valley Municipality: Removal of Restrictive Title Conditions and Consent Use	154
City of Cape Town: Removal of Condition	146
Department of Environmental Affairs and Development Planning: Amendment of the Proposed Overberg Wind Energy Facility	153
Knysna Municipality: Amendment of the Knysna Municipal Spatial Development Framework (SDF).....	151
Knysna Municipality: Removal of Restrictive Title Deed Conditions	154
Mossel Bay Municipality: Closure of a Portion of Public Place	152
Overstrand Municipality: Removal of Restrictions	147
Overstrand Municipality: Removal of Restrictive Title Deed Conditions, Subdivision and Consolidation	148
Western Cape Gambling and Racing Board: Official Notice	149
Western Cape Gambling and Racing Board: Official Notice	152
Western Cape Government: Infrastructure: Proposed Letting of a Provincial Immovable Asset.....	146

INHOUD

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

Nr.	Bladsy
Tenders:	
Kennisgewings	146
Plaaslike Owerhede	
Beaufort-Wes Munisipaliteit: Voorgestelde Langermyn Huurgebied op die Plaas Rhenosterkop en Vergunningsgebruik vir Hernubare Energie Fasiliteite	147
Breedevallei Munisipaliteit: Vergunningsgebruik, Permanente Afwyking en Opheffing van Beperkende Titelvoorwaardes	151
Breedevallei Munisipaliteit: Opheffing van Beperkende Titel Voorwaardes en Vergunningsgebruik	154
Stad Kaapstad: Removal of Condition (Slegs Engels)	146
Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wysiging van die Voorgestelde Overberg Windplaas	153
Knysna Munisipaliteit: Wysiging van die Knysna Ruimtelike Ontwikkelingraamwerk (ROR).....	151
Knysna Munisipaliteit: Opheffing van Beperkende Titelakte Voorwaardes	154
Mosselbaai Munisipaliteit: Sluiting van 'n Gedeelte van Openbare Plek	152
Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	147
Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkende Titelakte Voorwaardes, Onderverdeling en Konsolidasie	148
Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne: Amptelike Kennisgewing	150
Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne: Amptelike Kennisgewing	152
Wes-Kaapse Regering: Infrastruktuur: Voorgestelde Verhuring van 'n Provinsiale Onroerende Bate.....	146

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE****WESTERN CAPE GOVERNMENT: INFRASTRUCTURE****NOTICE FOR THE PROPOSED LETTING OF A PROVINCIAL IMMOVABLE ASSET**

Notice is hereby given in terms of the provisions of the Western Cape Land Administration Act (Act 6 of 1998) ("the Act") and its Regulations that it is the intention of the Western Cape Government to let the following property:

A portion of a vacant land measuring approximately 1656.3m² located on the remaining extents of Erf 154 and Erf 155 Roggebaai situated at Martin Hammerschlag Way, Roggebaai for parking purposes for a period of two (2) years. The tenant may apply for the lease to be extended for parking purposes for a further period of one (1) year.

In terms of Section 3(2) of the Act, interested parties are hereby invited to submit written representations or objections to the Chief Director: Immovable Asset Management, Private Bag X9160, Cape Town, 8000, within 21 (twenty-one) days of the last date upon which this notice appears.

Full details of the property and the proposed lease are available for inspection during office hours (08:00 to 16:00, Mondays to Fridays) in the office of Priscilla Myeko, Directorate: Property Management, 22nd Floor, 9 Lower Burg Street, Cape Town, tel. 021 483 6436, email: Pricilla.Myeko@westerncape.gov.za.

20 March 2025

25124

WES-KAAPSE REGERING: INFRASTRUKTUUR**KENNISGEWING VIR DIE VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N PROVINSIALE ONROERENDE BATE**

Ingevolge die bepalings van die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie (Wet 6 van 1998) ("die Wet") en sy Regulasies word hiermee kennis gegee dat dit die Wes-Kaapse Regering se voorneme is om die volgende eiendom te verhuur:

'n Gedeelte van 'n stuk onbeboude grond van ongeveer 1 656.3m² in omvang, geleë op die oorblywende dele van Erf 154 en Erf 155 Roggebaai in Martin Hammerschlag-weg, Roggebaai, vir parkeerdoeleindes vir 'n tydperk van twee (2) jaar. Die huurder mag aansoek doen om vir parkeerdoeleindes die huurkontrak met 'n verdere tydperk van een (1) jaar te verleng.

Ingevolge artikel 3(2) van die Wet, word belangstellendes hiermee uitgenooi om skriftelike verhoë of besware in te dien by die Hoofdirekteur: Onroerende Batebestuur, Privaat Sak X9160, Kaapstad 8000, binne 21 (een-en-twintig) dae van die laaste datum waarop hierdie kennisgewing verskyn het.

Volle besonderhede van die eiendom en die voorgestelde verhuur is beskikbaar vir inspeksie gedurende kantoorure (08:00 tot 16:00, Maandae tot Vrydae) in die kantoor van Priscilla Myeko, Direkoraat: Eiendomsbestuur, 22ste Vloer, Laer Burgstraat 9, Kaapstad. Kontakbesonderhede – tel.: 021 483 6436, of e-pos: Pricilla.Myeko@westerncape.gov.za.

20 Maart 2025

25124

URHULUMENTE WENTSHONA KOLONI: IZISEKO ZOPHUHLISO**ISAZISO ESICETYWAYO SOKUQESHISA NGE-ASETHI YEPHONDO ENGENAKUFUDUSWA**

Kukhutshwa isaziso ngokwemiqathango yomthetho iWestern Cape Land Administration Act (Act 6 ka1998) ("uMthetho") neMigaqo yawo sokuba uRhulumente weNtshona Koloni uneenjongo zokuqeshisa ngale ndawo ilandelayo:

Inxalenye yomhlaba ongenabantu omalunga ne1656.3m² okumda oseleyo weSiza esingu154 neSiza esingu155 eRoggebaai eseMartin Hammerschlag Way, eRoggebaai ngeenjongo zokupaka isithuba esingangeminyaka emibini (2). Umqeshi angafaka isicelo sokwandiswa kwekhontrakthi yokuqesha ngeenjongo zokupaka isithuba esingaphezulu esingangonyaka omnye (1).

Abo banomdla bayamenywa ukuba bavakalise izimvo zabo ezibhaliweyo, ngokweCandelo 3(2) loMthetho, kuMlawuli oyiNtloko: ezoLawulo lwee-Asethi ezingenakuFuduswa, kwaPrivate Bag X9160, eKapa, 8000, kwisithuba seentsuku ezingama21 (ezingamashumi amabini ananye) emva kokukhutshwa kwesi saziso.

Iinkcukacha eziphelileyo ngezi ndawo nezengqeshiselwano ecetywayo ziyafumaneka ukuba zingahlolwa ngamaxesha omsebenzi (08:00 ukuya 16:00, ngoMvulo ukuya ngoLwesihlanu), kwi-ofisi kaPriscilla Myeko, kwiCandelo: ezoLawulo lweePropati, kuMgangatho wama22, 9 Lower Burg Sitalato, eKapa, kwinoombolo: 021 483 6436, i-imeyile: Pricilla.Myeko@westerncape.gov.za.

20 kweyoKwindla 2025

25124

CITY OF CAPE TOWN**CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by the owner of Erf 45889 Cape Town at Rondebosch deleted a condition as contained in Title Deed No. T25199/2023, in respect of Erf 45889 Cape Town at Rondebosch, in the following manner:

Deletion of the following condition contained in title deed T25199/2023:

Condition 1.(d) "That no building or structure or any portion thereof, except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 4,72 metres to the street line which forms a boundary of this erf. No such building or structure or any portion thereof except boundary walls, fences or an outbuilding not exceeding 3,05 metres in height, measuring from the floor to the wall plate and no portion of which is used for human habitation, shall be erected nearer than 1,57 metres to the lateral boundary common to any adjoining erf."

20 March 2025

25127

BEAUFORT WEST MUNICIPALITY

Notice No. 41/2025

**PROPOSED LONG-TERM LEASE AREA ON
FARM RHENOSTERKOP Nr. 155, BEAUFORT WEST AND
CONSENT USE FOR RENEWABLE
ENERGY FACILITIES**

Applicant: Rodeplan o.b.o. K2022578692
(South Africa) (Pty) Ltd.

Owner: Mr. A.J. Nigrini [deceased]

Reference Number: 12/3/2; 12/4/5/2; Farm 155

Property Description: Farm 155, Beaufort West

Physical Address: Farm 155, Rhenosterkop, Beaufort West

Description of proposal: Application in terms of:

- Section 15(2)(o) of the Land Use Planning By-Law for Beaufort West Municipality for a consent use to allow for the construction of a photovoltaic renewable energy facility.
- Section 15(2)(d) of the Land Use Planning By-Law for Beaufort West Municipality for subdivision of the said property to create a long-term lease area of approximately 540 ha.

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the By-Law on Municipal Land Use Planning for Beaufort West Municipality, that the above-mentioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 07:30 and 16:15 at the Office of the Director: Corporate Services, 112 Donkin Street, Beaufort West. The application can also be viewed or downloaded at the following link: <https://www.beaufortwestmun.co.za/notice-no-412025-proposed-long-term-lease-area-farm-rhenosterkop-nr-155-beaufort-west-and-consent>. Any written comments may be addressed in terms of Section 50 of the said By-law to the Municipal Manager, Beaufort West Municipality, Private Bag 582, Beaufort West, 6970, Fax No. 023-415 1373, e-mail: admin@beaufortwestmun.co.za on or before **16:00 on Monday, 21 APRIL 2025**, quoting your, name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the Senior Manager: Corporate Services, Mr P Strümpher at Tel. Nol. 023-414 8103. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal Official at the abovementioned office by transcribing their comment.

D.E. Welgemoed
Municipal Manager

Municipal Offices
112 Donkin Street
Beaufort-West
6970

Ref No 12/3/2; 12/4/5/2; Farm 155, Rhenosterkop Beaufort West

20 March 2025

25128

OVERSTRAND MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITIONS:
ERF 6302, HERMANUS**

**OVERSTRAND MUNICIPALITY
AMENDMENT BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE
PLANNING, 2020**

Notice is hereby given in terms of Section 35(1) of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020, that the Authorized Official has removed condition C. (g). as contained in Deed of Transfer T50087/2012 applicable to Erf 6302, Hermanus.

Municipal Notice: 54/2025

20 March 2025

25129

BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT

Kennisgewing Nr. 41/2025

**VOORGESTELDE LANGTERMYN HUURGEBIED OP DIE
PLAAS RHENOSTERKOP Nr. 155, BEAUFORT-WES EN
VERGUNNINGSGEBRUIK VIR HERNUBARE
ENERGIE FASILITEITE**

Aansoeker: Rodeplan nms. K2022578692
(South Africa) (Edms.) Bpk.

Eienaar: Mnr. A.J. Nigrini [oorlede]

Verwysingsnommer: 12/3/2; 12/4/5/2; Plaas 155

Eiendomsbeskrywing: Plaas 155, Beaufort-Wes

Fisiese Adres: Plaas 155 Rhenosterkop, Beaufort-Wes

Beskrywing van voorstel: Aansoek ingevolge:

- Artikel 15(2)(o) van die Grondgebruikbeplanningsverordening vir Beaufort-Wes Munisipaliteit vir 'n vergunningsgebruik om voorsiening te maak vir die konstruksie van 'n son-voltêre hernubare energie fasiliteit.
- Artikel 15(2)(d) van die Grondgebruikbeplanningsverordening vir Beaufort-Wes Munisipaliteit vir die onderverdeling van gemelde eiendom ten einde 'n langermyn huurarea groot ongeveer 540 ha, te skep.

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 45 van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Beaufort-Wes Munisipaliteit, dat die bogenoemde aansoek ontvang is en ter insae lê gedurende weksdae tussen 7:30-16:15 by die Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes. Die aansoek kan ook aanlyn besigtig of afgelaai word by die volgende skakel: <https://www.beaufortwestmun.co.za/notice-no-412025-proposed-long-term-lease-area-farm-rhenosterkop-nr-155-beaufort-west-and-consent>. Enige skriftelike kommentaar in terme van Artikel 50 van die genoemde verordening kan gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Beaufort-Wes Munisipaliteit, Privaatsak 582, Beaufort-Wes, 6970, Faks No. 023-415 1373, e-pos: admin@beaufortwestmun.co.za voor of op **16:00 op Maandag, 21 APRIL 2025**, met vermelding van u naam, adres of kontakbesonderhede, belang in die aansoek en redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die Senior Bestuurder: Korporatiewe Dienste, Mnr. P. Strümpher by Tel. No. 023-414 8103. Die Munisipaliteit kan weier om kommentaar te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan by bogenoemde kantoor bygestaan deur 'n munisipale amptenaar om sodoende kommentaar te transkribeer.

D.E. Welgemoed
Munisipale Bestuurder

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
Beaufort-Wes
6970

Verw. Nr. 12/3/2; 12/4/5/2; Farm 155, Rhenosterkop Beaufort-Wes

20 Maart 2025

25128

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES:
ERF 6302, HERMANUS**

**OVERSTRAND MUNISIPALITEIT
WYSIGINGSVERORDENING OP MUNISIPALE
GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2020**

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 35(1) van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020, dat die Gemagtigde Amptenaar voorwaarde C.(g). soos vervat in Titelakte T50087/2012 van toepassing op Erf 6302, Hermanus, opgehef het.

Munisipale Kennisgewing: 54/2025

20 Maart 2025

25129

OVERSTRAND MUNICIPALITY

ERRATUM**ERF 715, 52 STEYN STREET AND ERF 716, 25 FRONT STREET, DE KELDERS: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS, SUBDIVISION AND CONSOLIDATION: MESSRS WRAP PROJECT OFFICE ON BEHALF OF DR VIRGINIA BUSER AND NOVEL IDEA TRADING 113 CC**

Notice is hereby given in terms of Section 47 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) that Municipal Notice 44/2025, dated 13 & 14 March 2025 is hereby amended to reflect the correct property details as detailed below:

Erf 715, 52 Steyn Street and Erf 716, 25 Front Street, De Kelders

The **closing date** for comment is extended to **Friday, 25 April 2025**.

Dr DGI O'Neill
Municipal Manager
 PO Box 20
HERMANUS
 7200

Notice No: **57/2025**

20 March 2025

25130

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

ERRATUM**ERF 715, STEYNSTRAAT 52 EN ERF 716, FRONTSTRAAT 25, DE KELDERS: AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTE VOORWAARDES, ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE: MNRE WRAP PROJECT OFFICE NAMENS DR VIRGINIA BUSER EN NOVEL IDEA TRADING 113 CC**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 47 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) dat Munisipale Kennisgewing Nr. 44/2025, gedateer 13 & 14 Maart 2025 hiermee gewysig word ten einde die korrekte eiendomsbeskrywing te reflekteer, soos hieronder uiteengesit:

Erf 715, Steynstraat 52 en Erf 716, Frontstraat 25, De Kelders

Die **sluitingsdatum** vir kommentaar is verleng tot **Vrydag, 25 April 2025**.

Dr DGI O'Neill
Munisipale Bestuurder
 Posbus 20
HERMANUS
 7200

Kennisgewing nr: **57/2025**

20 Maart 2025

25130

UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

ISAZISO ESILUNGISIWE**ISIZA 715, 52 STEYN STREET, & ISIZA 716, 25 FRONT STREET, DE KELDERS: ISICELO SOKUSUSWA KWEZITHINTELO NGOKWEMIGAQO, UKWAHLULWA NOKUHLANGANISA: WRAP PROJECT OFFICE EGAMENI DR VIRGINIA BUSER & NOVEL IDEA TRADING 113 CC**

Isaziso sinikwe apha ngokweCandelo lama-47 loMthetho kaMasipala oLungisiweyo we-Overstrand kuCwanciso lokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala, wowama-2020 (uMthetho kaMasipala) wokuba iSaziso sikaMasipala 44/2025, somhla we-13 & 14 kweyoKwindla 2025 sihlonyelwe ukubonisa iinkcukacha zepropati ezichanekileyo njengoko kucacisiwe ngezantsi:

Isiza 715, 52 Steyn Street kunye Isiza 716, 25 Front Street, De Kelders

Umhla wokuvala wokunika izimvo uxhomekeke kuLwesihlanu, umhla wama-**25 kuTshazimpuzi ngowama-2025**.

Dr DGI O'Neill
Umphathi Kamasipala
 Ibhokisi yePosi 20
HERMANUS
 7200

Inombolo yesaziso: **57/2025**

20 kweyoKwindla 2025

25130

WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD

OFFICIAL NOTICE

RECEIPT OF APPLICATIONS FOR A SITE LICENCE

In terms of the provisions of Section 32(2) of the Western Cape Gambling and Racing Act, 1996 (Act 4 of 1996), as amended, the Western Cape Gambling and Racing Board (“the Board”) hereby gives notice that applications for a site licence, as listed below, have been received. A site licence will authorise the licence holder to place a maximum of five limited pay-out machines in approved sites outside of casinos for play by the public.

DETAILS OF APPLICANTS

Name of business:	Silver Solutions 2531 CC, t/a #Hotspot
Registration number:	2009/034541/23
Address:	Corner of 1 Bulte Way and 1 Aas le Fleur Street, Vredendal 8160
Erf number:	Erf 2424
Persons having a financial interest of 5% or more the business:	Marcus Christio Beneke 100% Member
Name of business:	RDA Projects (Pty) Ltd, t/a Privilege on main
Registration number:	2024/009020/07
Address:	Corner of Mellville Centre, Main Street, Knysna 6571
Erf number:	Erf 10909
Persons having a financial Interest of 5% or more the business:	Roshley Danielle Andrews 100% Shareholder and Director

WRITTEN COMMENTS AND OBJECTIONS

Section 33 of the Western Cape Gambling and Racing Act, 1996 (hereinafter “the Act”) requires the Western Cape Gambling and Racing Board (hereinafter “the Board”) to ask the public to submit comments and/or objections to gambling licence applications that are filed with the Board. The conduct of gambling operations is regulated in terms of both the Act and the National Gambling Act, 2004. This notice serves to notify members of the public that they may lodge objections and/or comments to the above application on or before the closing date at the below-mentioned address and contacts. Since licensed gambling constitutes a legitimate business operation, moral objections for or against gambling will not be considered by the Board. An objection that merely states that one is opposed to gambling without much substantiation will not be viewed with much favour. You are hereby encouraged to read the Act and learn more about the Board’s powers and the matters pursuant to which objections may be lodged. These are outlined in Sections 28, 30, 31 and 35 of the Act. Members of the public can obtain a copy of the objections guidelines, which is an explanatory guide through the legal framework governing the lodgement of objections and the Board’s adjudication procedures. The objections guidelines are accessible from the Board’s website at www.wcgrb.co.za and copies can also be made available on request. The Board will consider all comments and objections lodged on or before the closing date during the adjudication of the application. In the case of written objections to an application, the grounds on which such objections are founded, must be furnished.

Where comment in respect of application is furnished, full particulars and facts to substantiate such comment must be provided. The name, address and telephone number of the person submitting the objection or offering the comment must also be provided. Comments or objections must reach the Board by no later than **16:00 on Friday, 11 April 2025**.

In terms of Regulation 24(2) of the National Gambling Regulations, the Board will schedule a public hearing in respect of an application **only if it receives written objections relating to:**

- (a) **the probity or suitability for licensing of any of the persons to be involved in the operation of the relevant business, or**
- (b) **the suitability of the proposed site for the conduct of gambling operations.**

If a public hearing is scheduled, the date of such hearing will be advertised in this publication approximately 14 days prior to the date thereof.

Objections or comments must be forwarded to the Chief Executive Officer, Western Cape Gambling and Racing Board, P.O. Box 8175, Roggebaai 8012 or handed to the Chief Executive Officer, Western Cape Gambling and Racing Board, 24 Fairway Close, Fairway Terraces, Parow 7500, or e-mailed to Objections.Licensing@wcgrb.co.za.

WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE

AMPTELIKE KENNISGEWING

ONTVANGS VAN AANSOEKE VIR 'N PERSEELLISENSIE

Ingevolge die bepalings van Artikel 32(2) van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996), soos gewysig, gee die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne ("die Raad") hiermee kennis dat aansoeke vir 'n perseellisensie, soos hieronder gelys, ontvang is. 'n Perseellisensie sal die lisensiehouer magtig om 'n maksimum van vyf beperkte uitbetalingsmasjiene in goedgekeurde persele buite die casino's te plaas om deur die publiek gespeel te word.

BESONDERHEDE VAN AANSOEKERS

Naam van besigheid:	Silver Solutions 2531 BK, h/a #Hotspot
Registrasienuommer:	2009/034541/23
Adres:	Hoek van Bulteweg 1 en Aas le Fleurstraat 1, Vredendal 8160
Erfnommer:	Erf 2424
Persone met 'n finansiële belang van 5% of meer in die besigheid:	Marcus Christio Beneke 100% Lid
Naam van besigheid:	RDA Projects (Edms) Bpk, h/a Privilege on main
Registrasienuommer:	2024/009020/07
Adres:	Hoek van Mellville Sentrum, Hoofstraat, Knysna 6571
Erfnommer:	Erf 10909
Persone met 'n finansiële belang van 5% of meer in die besigheid:	Roshley Danielle Andrews 100% Aandeelhouer en Direkteur

SKRIFTELIKE KOMMENTAAR EN BESWARE

Artikel 33 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (hierna "die Wet" genoem) bepaal dat die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne (hierna "die Raad" genoem) die publiek moet vra om kommentaar te lewer op en/of besware aan te teken teen dobbellisensie-aansoeke wat by die Raad ingedien word. Dobbelerwisaamhede word kragtens die Wet sowel as die Nasionale Wet op Dobbelary, 2004 gereguleer. Hierdie kennisgewing dien om lede van die publiek in kennis te stel dat hulle voor die sluitingsdatum by ondergemelde adres en kontakte beswaar kan aanteken teen en/of kommentaar kan lewer op bogenoemde aansoeke. Aangesien gelisensieerde dobbelary 'n wettige besigheidsbedryf uitmaak, word morele besware ten gunste van of teen dobbelary nie deur die Raad oorweeg nie. 'n Beswaar wat bloot meld dat iemand teen dobbelary gekant is sonder veel staving sal nie gunstig oorweeg word nie. U word hiermee aangemoedig om die Wet te lees en meer inligting te verkry oor die Raad se magte en die aangeleenthede op grond waarvan besware ingedien kan word. Dit word in Artikel 28, 30, 31 en 35 van die Wet uitgestippel. Lede van die publiek kan 'n afskrif van die riglyne vir besware bekom, wat 'n gids is wat die werking verduidelik van die regsraamwerk wat die indiening van besware, openbare verhore en die Raad se beoordelingsprosedures reguleer. Die riglyne vir besware is verkrygbaar op die Raad se webwerf by www.wcgrb.co.za en afskrifte kan ook op versoek beskikbaar gestel word. Die Raad sal alle kommentaar en besware oorweeg wat op of voor die sluitingsdatum tydens die beoordeling van die aansoek ingedien word. In die geval van skriftelike besware teen 'n aansoek moet die gronde waarop sodanige besware berus, verskaf word.

Waar kommentaar ten opsigte van 'n aansoek gegee word, moet volle besonderhede en feite om sodanige kommentaar te staaf, verskaf word. Die persoon wat die beswaar of kommentaar indien se naam, adres en telefoonnommer moet ook verstrek word. Kommentaar of besware moet die Raad nie later nie as **16:00 op Vrydag, 11 April 2025** bereik.

Ingevolge Regulasie 24(2) van die Nasionale Wedderyregulasies sal die Raad 'n publieke verhoor ten opsigte van 'n aansoek skeduleer **slegs indien hy skriftelike besware ontvang met betrekking tot:**

- (a) **die eerlikheid of geskiktheid vir lisensiering van enige van die persone wat met die bedrywighede van die betrokke besigheid gemoeid gaan wees, of**
- (b) **die geskiktheid van die voorgenome perseel vir die uitvoering van dobbelarybedrywighede.**

Indien 'n openbare verhoor geskeduleer word, sal die datum van sodanige verhoor ongeveer 14 dae vóór die verhoordatum in hierdie publikasie geadverteer word.

Besware of kommentaar moet gestuur word aan die Hoof- Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne, Posbus 8175, Roggebaai 8012, of ingehandig word by die Hoof- Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne, Fairway-singel 24, Parow 7500 of e-pos na: Objections.Licensing@wcgrb.co.za.

BREEDE VALLEY MUNICIPALITY

APPLICATION FOR CONSENT USE, PERMANENT DEPARTURES AND REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE CONDITIONS: ERF 2623, 22 GREENWOOD AVENUE, WORCESTER

OWNER: CJ Dunn

APPLICANT: E van der Merwe

NOTICE IS HEREBY GIVEN in terms of Sections 44 and 45 of the Breede Valley Municipal Land Use Planning By-law that an application has been received in terms of Section 13(2)(a) of the Breede Valley Municipality: Municipal Land Use Planning By-law for:

- Consent Use for an additional dwelling unit and a house shop
- Permanent Departure from the street building line on Greenwood Avenue from 4m to 0m to accommodate the existing wendy house structure and the car port
- Permanent Departure from the side building line from 2m to 0m to accommodate the existing car port.
- Removal of Restrictive Title Deed Conditions D(6)(a), (b), (c) and (d) from Title Deed T46233/2011 which prohibits/affects the proposed additional dwelling unit and building line departure.

Full particulars of the application are available at the office of the Manager: Municipal Planning and Building Control, 3rd Floor, Civic Centre, Worcester, during office hours.

Objections and/or comments in terms of Section 49 of the Municipal Land Use Planning By-Law, should be submitted in writing to the Municipal Manager, Private Bag X3046, Worcester, 6849 on or before 17 March 2025. Any objections and/or comments received after the 30-day period will be considered invalid.

Any enquiries may be directed to Karen Fouché, (023) 348 2622/ kfouche@bvm.gov.za

BVM Reference Number: 10/3/1/73

Notice Number: 007/2025

D McThomas
MUNICIPAL MANAGER

20 March 2025

25132

KNYSNA MUNICIPALITY

AMENDMENT OF THE KNYSNA MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (SDF)

Notice is hereby given in terms of Section 20(3)(a) and (b) of the Spatial Planning and Land Use Management Act (SPLUMA) 2013 (Act 16 of 2013) known as SPLUMA and read together with Section 28(3) of the Municipal Systems Act of 2000, that the Knysna Local Municipality is in the process of Amending its Spatial Development Framework (SDF) and that a draft SDF Report is open for public input and comment.

